Huiskerk

Quellerina Gemeente

21 Movies

# Passion of the Christ

## Matteus 26:47-49

*Gaan Ek sterf? Of gaan Ek nie? Dit was Jesus se worsteling in die tuin van Getsemane. In The Passion of the Christ word sy worsteling uitgebeeld met 'n versoekings oomblik waarin Satan Hom probeer oortuig dat Hy dit nie hoef te doen nie.*

*'n Slang seil na die worstelende Christus wat op die grond lê. En dan, in 'n dramatiese oomblik, sien ons die voet van JesAus wat die kop van die slang vermorsel.*

*Dit kommunikeer duidelik aan ons: Wat hierna volg, is nie die verhaal van 'n man wat sinloos gebreek word nie, maar die vertrapping van die slang se kop.*

*Lees die teks stadig deur.*
*Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Hoe pas hierdie in jou kind se lewe?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*In 'n ander tuin, die tuin van Eden, is daar vir die slang gesê dat die nageslag van Eva sy kop sal vertrap (Genesis 3:15). Dit het Christus vir ons kom doen. Die slang is vertrap Die oorwinning behoort nou ook aan ons.*
*(Bybel 24/7)*